

## Die ryk braambessieplukker (Godfried Bomans)

Baie jare gelede het daar in 'n groot bos 'n ou braambessieplukker gewoon. Sy pa en ma het al 'n halfeeu lank onder 'n beukeboom begrawe gelê, maar dit het die braambessieplukker al lankal vergeet. Hy het nie eens meer geweet wat die betekenis van die skeefgesakte kruis nou eintlik was nie, maar hy het dit tog raadsaam geag om liewer snags met 'n ompad daar verby te gaan.

Daar het niemand anders in die bos gewoon nie en daarom het die braambessieplukker gedink dat hy die enigste mens op die wêreld was. Die gedagte hieraan het hom egter nie van sy opgewektheid beroof nie. Hy het luidkeels die vrolikste liedjies gesing, behalwe snags, want dan was dit slaaptyd – en dis mos 'n goeie verskoning. Buiten dan was daar nie 'n vroliker mens te bedink nie.

"Kyk net," het hy gewoonlik smôrens gesê, "na die silwer pêreltjies op die blomme! Vir wie anders as vir my lê al die diamante oor die gras gestrooi? Kyk net hoe ryk is ek!"

As hy deur die woud geloop het, het hy gesug: "Kyk net na die hoë gewelwe, die ruim portale en die pragtige pilare! En dit alles net vir één man!"

Smiddae het hy op sy rug gelê om na die wonderlike patrone van die wolke te kyk. "Kyk," het hy dan gesê, "'n beer! En daar sien ek 'n winterlandskap! Wie het nog so 'n plafon? Ek word skoon verleë daaroor!"

Saans, egter, was die braambessieplukker nog die blyste. Dan het hy onder die lourierboom voor sy huisie gaan sit en in spanning gewag. En plotseling, as die son vir oulaas sy purper strale oor die heuwels laat val, het daar ver in die woud 'n fyn, hoë stem begin jubel, so verruklik mooi en tog so eindeloos weemoedig dat die braambessieplukker trane in sy oë gekry het. "Lieflik, pragtig!" het hy dan uiteindelik uitgeroep. "Dankie, dankie, onbekende sanger! Watter musiek! Watter skone klanke! Hoe jammer dat ek alleen op die wêreld is!"

Tog was hy nie alleen nie. Een aand was daar 'n ontdekkingsreisiger op pad deur die woud. Hy het voor 'n klein, lendelam deurtjie gekom, dit oopgestoot en glimlaggend voor die braambessieplukker gestaan.

Toe sê hy: "Vriend, ek het net iets te ete en 'n bed nodig, dit is al, want ek is honger en moeg. Verstaan jy my?"

Die braambessieplukker bly egter doodsbleek op sy stoel sit. "Komaan," sê die reisiger weer, "hier is 'n goudstuk. Dit maak die tong mos 'n bietjie losser."

Nou het die braambessieplukker aarselend opgestaan.

"Gedaante," sê hy stotterend, "ek het nie jou goud nodig nie. Dis nie daarom dat ek stilgebly het nie. Mag ek 'n bietjie aan jou raak?"

"Gaan jou gang," sê die reisiger, 'n vrolike man.

En die braambessieplukker bevoel die reisiger; knyp sy neus, draai sy kop na alle kante toe, kyk aandagtig in sy mond en uiteindelik roep hy uit: "Presies net soos ek! Presies net soos ek! Alles dieselfde!" en hy omhels hom.

"Domkop," maak die reisiger homself laggend los, "het jy nog nooit 'n mens gesien nie?"

"Ek is nie alleen nie!" juig die braambessieplukker, handeklappend. "Ek is nie alleen nie! Jy het presies net sulke bene soos ek!" En hy dans rondom die tafel.

"Kom," gaan die reisiger voort, "ek is honger. Hou jouself tog in toom." En hy gaan sit by die tafel, neem 'n bord uit sy rugsak en sit dit met 'n veelseggende klap voor hom neer.

"Nouja," sê hy, "haal uit."

"Ja, ja!" roep die braambessieplukker. "Presies net soos ek! Net dieselfde!" en hy dans na sy spenskas, haal brood, wors en beskuit uit, en dans met dit alles om die tafel rond, tot driemaal toe. Toe gaan hy sit, haal diep asem en sê: "Help jouself."

Die reisiger het swyend geëet. Met elke hap, roep die braambessieplukker verruk uit: "Presies net soos ek!" Dit was in die begin 'n bietjie hinderlik, maar die reisiger was honger en glimlaggend hou hy aan eet. Ten slotte lig hy sy kop op; sy oog val op die goudstuk wat nog daar op die rand van die tafel lê.

"Vriend," sê hy, "waarom wil jy nie die goudstuk van my aanneem nie?"

"Ek het dit nie nodig nie," antwoord die braambessieplukker eenvoudig, "ek het diamante."

"Diamante?" herhaal die reisiger. "Het jy diamante? Hoeveel?"

"Ek weet nie presies nie," sê die braambessieplukker nadenkend, "'n paar grasvelde vol."

"Sê weer?"

"'n Paar grasvelde vol," herhaal die braambessieplukker.

Nou was dit die reisiger wat doodsbleek op sy stoel bly sit.

"Man," roep hy ten slotte, "jy is skatryk!"

"Dit het ek mos al vir jou gesê," sê die braambessieplukker, "maar dit is nog nie al nie. Ek het nog ander goed."

"Noem op, kameraad."

"Ja," gaan die braambessieplukker verleë voort, "daar is so baie. Daar is byvoorbeeld die spieëls."

"Spieëls?" vra die reisiger met jagende asem.

"Ja," vervolg die braambessieplukker op dieselfde agtelose manier, "'n paar duisend, ek het hulle nog nooit getel nie. Sommige is so groot dat jy 'n dag nodig het om rondom te loop. Ag ja."

"'n Dag nodig om ... Vriend, waar is al die skatte?"

"In my huis."

"Dit moet 'n paleis wees!" stamel die reisiger.

"Dit is ook 'n paleis," antwoord die braambessieplukker glimlaggend, "ek kon dit selfs nog nooit heeltemaal bekyk nie, daarvoor is dit te groot. Daar is 'n pilaargang wat so lank is dat 'n mens nie die einde daarvan kan sien nie; duisende slanke kolomme dra die dakgewelf. Dit is 'n lus om te sien! Maar af en toe kom mens op wye, nog hoër portale af. Daar is die plafon nie groen nie, maar ligblou met wit vlekke."

"Mosäïek dus?" vra die reisiger ademloos.

"Ek weet nie wat jy bedoel nie," sê die braambessieplukker. Die reisiger verduidelik die moeilike woord.

"O, nee!" vervolg die braambessieplukker laggend, "dit is maar net kinderspeletjies! Dit sou my naderhand verveel om altyd na dieselfde goed te kyk. Nee, hier beweeg die patrone, hulle trek langsaam en statig verby, ja, hulle vervorm gedurig tot die wonderlikste gedaantes: ysbere, winterlandskappe en kabouters met baarde. Selfs die kleure verander: nou is dit diepblou, dan liggrys, soms beide. Dit is heerlik om te sien; mens word nooit moeg daarvoor nie!"

"Dit is ongelooflik!" roep die reisiger uit. "Ongelooflik! En dit alles vir één man. Maar jy moet tog seker partykeer eensaam voel tussen al die pilare, galerye en spieëls?"

"O nee!" sê die braambessieplukker. "Daar is genoeg musiek, van alle kante af en die hele dag deur."

"Musiek?" roep die reisiger. "Musiek? Kom, braambessieplukker, nou probeer jy my ore aansit."

"Nee, regtig nie," verseker die braambessieplukker hom, "die heeldag deur en altyd weer nuwe liedere. Maar saans word daar solo's gesing. Daarvoor het ek 'n spesiale sanger. Jy moet môre-aand tog luister. Jy slaap tog seker vannag hier?"

"Nee," antwoord die reisiger terwyl hy sy jas aantrek, "ek vertrek dadelik. Ek is 'n ontdekkingsreisiger. Wat jy my vertel het, is my grootste ontdekking. Ek gaan dit vir almal vertel."

"Dit moet jy tog doen," sê die braambessieplukker, "ek voel al lankal skuldig omdat ek alleen so daarvan kan geniet. Maar bly tog net één nag! Dan sal ek môre alles vir jou wys en kan jy dit soveel beter gaan vertel."

"Nee," sê die reisiger, "tyd is geld! Ek gaan onmiddellik verder. Dankie vir die kos. Tot siens."

Hy trek die deur agter hom toe en verdwyn in die nag. Die braambessieplukker hardloop buitentoe, maar hy sien niks.

"Hoe jammer tog," mompel hy, "tyd is geld! En hy kon soveel pêrels hê as wat 'n mens kan dra. Reisiger, reisiger! Kom terug!"

Dog die reisiger het hom nie gehoor nie; hy het oor slote en heinings gespring, deur twee riviere geswem, deur 'n donker woud getrek en in die stad aangekom.

"Burgemeester," sê hy, "ek het iets belangriks om te sê."

"Wel," sê die burgemeester, "dit is gaaf. Gaan staan op die balkon van die stadsaal."

En die reisiger gaan staan op die balkon van die stadsaal.

"Mense!" roep hy. "Wil julle graag pêrels hê?"

"Ja, alte seker!" roep die mense uit.

"En stel iemand dalk belang in spieëls wat so groot soos die markplein is?"

"Ja seker," roep die mense, "gee maar vir ons!"

"En is daar dalk iemand van julle wat graag in 'n paleis met groen pilaargange en plafonne van beweegbare mosaïek wil woon?"

"Natuurlik!" roep die mense. "Waar is dit?"

"Kom maar saam!" roep die ontdekkingsreisiger, "loop maar reg agter my aan! Ons moet niks tyd mors nie!"

En hulle het deur een donker woud getrek, deur twee riviere geswem, oor slote en heinings gespring, en by die braambessieplukker aangekom.

"Braambessieplukker!" roep die reisiger. "Hier is ons!"

"Hoe prettig!" roep die braambessieplukker. "Jy laat nie gras onder jou voete groei nie, dit moet ek sê. Hemel toggie, kyk die klomp mense! Dit is seker 'n goeie paar duisend! Wat is jou plan met hulle?"

"Ons kom die pêrels haal," sê die burgemeester en tree vorentoe, "en ons gaan in die paleis woon met die plafon van beweegbare mosaïek en die pilare van groen smarag. Ons kom na die musiek luister en ons moet die spieëls ook hê."

"Wel, dit is wonderlik!" roep die braambessieplukker, en omhels hom. "Ek is so bly dat julle dit ook waardeer! Dat julle kan sien hoe mooi dit alles is! Welkom, welkom! Beskuit het ek nie te veel nie, maar wel vars brood en water."

"Ons stel nie belang in beskuit nie," sê die burgemeester nadruklik, "dis pêrels wat ons wil hê!"

"Dit kry julle wel!" roep die braambessieplukker. "Net soveel as julle kan dra. Wag tot môre!"

"Kan ons dit nie vanaand al kry nie?" vra die burgemeester besorgd, "Tyd is geld!"

"Nee," gaan die braambessieplukker kopskuddend voort, "nou is dit donker. En in die donker kan 'n mens nie pêrels sien nie. Maar môre-oggend vroeg sal julle jul oë nie kan glo nie! Gaan slaap nou maar, ons het baie tyd."

"Goed," sê die burgemeester, "gaan slaap, manne! Ons het baie tyd!"

Die volgende môre het die velde glinsterend en flikkerend onder die rooi lug gelê; aan elke grashalm, ook die kleinste, het pragtige silwer diamante gehang, en toe die son opkom, verander dit in topaas, smarag en blou saffiere, stralend van lig, flonkerend van suiwerheid, skitterender as aardse juwele. En daartussen staan die mense rond en gesels oor die pêrels wat hulle nou binnekort sal kry, hele grasvelde vol. As die braambessieplukker nou maar gou wakker word! Hulle staan stip en kyk na die klein deurtjie.

Eindelik gaan die deurtjie oop; die braambessieplukker kom buitentoe en kyk stilswyend oor die velde heen; sy oë skiet vol tranes. "Julle tref dit goed," sê hy saggies.

"Wat sê jy?" mompel die burgemeester.

"Ek sê, julle tref dit goed," gaan die braambessieplukker glimlaggend voort, "daar lê nooit soveel pêrels rond nie."

"Ek sien geen pêrels nie," sê die burgemeester.

"Sien julle geen pêrels nie?" vra die braambessieplukker verbaas.

"Ons sien niks," roep die mense uit, "ons sien glad niks."

Die braambessieplukker slaan sy hande saam. "Julle oë is darem sleg!" roep hy uit, "Kyk rondom julle! Sien julle dit dan nie?"

"Dit is dou," sê die burgemeester boos.

"Dit – dit het ek nie geweet nie," stamel die braambessieplukker, "ek het gedink ..."

"Waar is die pilaargange?" vra die burgemeester kortaf.

"Daar," fluister die braambessieplukker.

"Dit is bome," antwoord die burgemeester, "waar is die mosaïek?"

"Daar," sê die braambessieplukker.

Die burgemeester hou sy oë op die purper lug.

"Dit is lug," sê hy, "doodgewone lug. Waar is die spieëls?"

Die braambessieplukker wys swygend in die verte.

"Dit is waterpoele," sê die burgemeester, "waar is die musiek?"

Die braambessieplukker steek sy wysvinger in die lug op; die burgemeester luister. Toe staan hy op en sê met 'n verbitterde glimlag: "Dit is 'n nagtegaal, bobbejaan! 'n Simpel ou nagtegaal! Jy het ons bedrieg."

"Ons is verkul," skree die mense, "ons is verkul!"

"Maar ek het tog alles presies vertel soos dit is!" roep die braambessieplukker uit. "Ek het tog presies ..."

"Hang hom op!" skree die mense, "Hang hom tog op!"

En toe die nagtegaal daardie aand sy trillende lied aanhef, was daar niemand om te luister nie, want net een tak ondertoe het die braambessieplukker gehang – dood.

-oOo-

(Uit: *Pondje proza een*, Meulenhof, Amsterdam, 1978; Vertaling: M.J. Kruger, 2004)